Twee Moderne KINDERTOESTANDE

ADHD en ADD: Gesonde kinders wat pasiënte word?

—deur Johan Jacobs

AGHS (aandaggebrek-hiperaktiwiteitsindroom), of ADHD soos almal dit ken – die afkorting vir die Engelse Attention Deficit Hyperactivity Disorder – asook aandaggebreksindroom (AGS of ADD op Engels) is moderne, chroniese toestande wat miljoene kinders aantas en dikwels tot in volwassenheid voortduur. ADHD / ADD sluit 'n kombinasie van simptome soos aandagafleibaarheid, hiperaktiwiteit en impulsiewe gedrag in.

WAT VEROORSAAK ADHD EN ADD?

Suiker en verfynde koolhidrate

Volgens inligting in die boek, *Nutritional Healing,* het navorsers wat mondelinge glukosetoleransietoetse op 261 hiperaktiewe kinders gedoen het, bevind dat 74 persent van hulle grafieke abnormale glukosetoleransiekurwes toon, wat op 'n verband tussen hiperaktiewe gedrag en suikerinname dui.

Preserveermiddels en kleurstowwe kan die chemiese balans van die brein versteur.

Ek stem saam dat "kos" soos koeldrank, lekkergoed en versnaperings vol suiker een van die belangrikste faktore is wat hierdie kinders se toestande veroorsaak. Die sentrale senuweestelsel is nie ontwerp om voortdurend met 'n abnormaal hoë bloedsuikervlak te funksioneer nie. Die brein reageer anders en onreëlmatig as dit voortdurend aan hoë bloedsuikervlakke blootgestel word.

Die toestande word egter nie nét deur suiker veroorsaak nie. Witmeelprodukte (verfynde koolhidrate) soos brood, pizza, pasta, ens. is bydraende faktore en lei ook tot 'n skerp styging in bloedsuiker. Dit veroorsaak ook baie ander gesondheidsprobleme (dis-ease) soos vetsug, diabetes, tandbederf, osteoporose, ontsteking (chroniese inflammasie) en asidose (suurvergiftiging).



Lees 'n volledige artikel (met stawende navorsingsbesonderhede ingesluit) by www.gonatural.co.za in die Augustus-nuusbrief. Daar is ook 'n kragtige getuienis van 'n kind wat heeltemal herstel het nadat daar medies geen hoop was dat hy normaal sou ontwikkel en ooit universiteit toe sou kon gaan nie. Hy het sonder medikasie en met die regte voeding herstel.

"Gesondheidbeserings" weens wanvoeding

Die brein is uiters ingewikkeld, hoe kan 'n mens dus verwag dat 'n ondervoede kind se brein normaal moet ontwikkel op moderne voedsel wat arm is aan noodsaaklike voedingstowwe? Navorsing toon dat kinders baie beter presteer wanneer hulle goeie en natuurlike kosse eet.

Skadelike chemiese stowwe

Volgens *Nutritional Healing* reageer baie mense met ADHD of ADD op sekere chemiese preserveermiddels en kleurstowwe wat biochemiese balans van die brein versteur, wat dikwels tot ongewenste gedrag lei.

Dit is alombekend dat moderne kosse (reeds tot barstens toe vol wit suiker en verfynde koolhidrate) vol preserveermiddels en kleurstowwe is. Ons het reeds talle kinders gehelp om ADHD of ADD om te keer deur "GO NATURAL"-voeding, wat gelei het tot verbeterde prestasie op skool.

Die oplossing

Onthou, die liggaam is ontwerp om met behulp van die korrekte voedingstowwe en 'n goeie, gesonde omgewing siekte te oorwin en te genees. 'n Mens kan sê die liggaam het 'n "interne dokter" wat weet hoe om die liggaam en die sentrale senuweestelsel te genees. Jou verantwoordelikheid is om seker te maak dat jou liggaam en sy "interne dokter" bemagtig word deur dit die regte voedsel te gee. Volg die natuurlike roete en vermy moderne siektetoestande en medikasie.

Hoe doen ek dit?

1. Verander jou dieet

Laat heel, vars kosse jou medisyne wees. Ons boek, *GO NATURAL,* bied 'n 10-punt-voedingsplan waarvolgens jy jou gesin maklik optimaal kan voed. Lees gerus ons boek en bemagtig jouself met die nodige inligting.

2. Vitamienaanvullings

Daar is baie vitamienaanvullings beskikbaar, maar sorg dat jy 'n bekende handelsmerk gebruik wat goeie resultate lewer. Onthou, aanvullings is 'n korttermynoplossing totdat jy al die nodige voedingstowwe deur jou daaglikse GO NATURAL-dieet inneem en die gewenste resultate behaal is.

3. Skakel gifstowwe uit

Maak seker dat jy en jou gesin nie aan gifstowwe blootgestel word nie:

- Fluoried in tandepasta is 'n senugif.
- MNG (mononatriumglutamaat) of MSG (monosodium glutamate) is 'n preserveermiddel en ook 'n kunsmatige geur- of smaakmiddel wat in die meeste verwerkte kosse voorkom. Dit is giftig vir die senustelsel.

Volg die natuurlike roete: Bemagtig jou interne dokter en genees jouself.

- Kwik en ander skadelike neurotoksiese preserveermiddels kom in sommige entstowwe voor.

Onthou, gifstof X plus gifstof Y is nie noodwendig gelyk aan XY nie. Die gesamentlike uitwerking van twee gifstowwe is dikwels gevaarliker en onvoorspelbaarder as die gifstowwe op hulle eie. Baie meer word onthul in ons boek, *GO NATURAL*, wat jou sal help om met wysheid koskeuses uit te oefen en versteekte "gesondheidslandmyne" te vermy.

Newe-effekte van die medikasie

ADHD of ADD word gewoonlik met medikasie soos Ritalin, Concerta en Strattera behandel. Van die skadelike newe-effekte is:

- Impotensie
- Slaapstoornisse
- Rusteloosheid
- Hoofpyn
- Lewerskade
- Hart- en bloedvatskade
- Hartaanval, beroerte en skielike dood
- Persoonlikheidsveranderinge, depressie en / of hallusinasies, selfmoord
- Toename in kankerrisiko

Lees die volledige artikel, "Healthy Kids Made Patients", gestaaf met navoring by www.gonatural.co.za .

Die kind het geen sê nie

My hart gaan uit na onskuldige kinders wat geen sê het oor wat hulle eet en hoe hulle behandel word nie. Kinders besluit nie om die verwerkte en suikerverslawende kitskosse te eet wat al die moderne probleme veroorsaak nie. Dit word deur oningeligte ouers gekoop en aan hulle voorgesit.

Nadele vir die kind

- Die grootste nadeel wanneer kinders die moderne "dieet" volg met kosse wat aanhoudend verhoogde bloedsuiker veroorsaak, is veranderde breinwerking.
- Hierdie kitskosse met weinig of geen voedingstowwe verhinder dat kinders fisiek en / of verstandelik tot hul volle vermoë ontwikkel.
- Wanneer medikasie as 'n kitsoplossing gebruik word om simptome te behandel, word die oorsaak nooit uitgeroei nie.

Kom ons staan saam en versprei die waarheid. Die waarheid het my bevry van die boeie van onnodige en skadelike medisyne toe ek veelvuldige sklerose (multiple sclerosis) opgedoen het. Langtermynenergie en blakende gesondheid is die resultaat as jy *GO NATURAL* se weg volg. ■

JOHAN JACOBS is die stigter en outeur van Go Natural. Besoek www.gonatural.co.za om sy boek

• Het jy jou kind op medikasie vir ADHD / ADD geplaas?
• Het die medikasie jou kind bevoordeel of benadeel?

Sê Jou Sê
e-pos ons!
info@juig.co.za